

HOOFSTUK II.

BAANINDELING.

BAANINDELING.

1. Grondslae.
2. Doel.
3. Bane.
4. Kriteria vir en probleme by baanindeling.

HOOFSTUK II.BAANINDELING.1. Grondslag:

Die hedendaagse begrip van persoonlikheidsontwikkeling op grond van individuele bekwaamheid of vermoë eerder as op erflike status het meegebring dat die ideaal van universele hoërskoolopvoeding vir elke individu, 'n magtige faktor is in die ontwikkeling van die onderwys. Die begrip van differensiasie en baanindeling is 'n inherente deel van hierdie ontwikkeling.

Die Transvaalse onderwysdepartement het die baanstelsel (streaming) as beleid aanvaar ten einde die skool in staat te stel om aan die eise vir, en van differensiëring te voldoen. Volgens die beleid sou die hoërskool voorsiening maak vir die wyduiteenlopende aanleg en behoeftes van 'n heterogene hoërskoolbevolking. Dit sou dan,

- (i) die leerlinge in bekwaamheidsgroepe volgens die onderwysdoelstellings van die verskillende groepe indeel;
- (ii) die inhoud van die leerplan laat rekening hou met die intellektuele vermoëns, aanleg en belangstelling van individuele leerlinge;
- (iii) die metodes van onderrig aanpas by die bekwaamheid, aanleg, belangstelling en werkvermoë van al die leerlinge;
- (iv) die toetsing of meting van die werk wat verrig en afgehandel word dienooreenkomstig rekening laat hou met die aspekte in (ii) hierbo genoem;
- (v) aantoon op 'n sertifikaat die standaard of vakke waarin die leerlinge geslaag het.¹⁾

1. v. Wyk, A.H. du P.: Verslag van oorseese sending i.v.m. gedifferensieerde middelbare onderwys, p. 71 par. 2.

Vir die voorsiening van doeltreffende gedifferensieerde onderwys is die stelsel van die komprehensiewe hoërskool in die lewe geroep. Die oogmerk met hierdie skool is om binne dieselfde skool 'n drieledige studiekursus aan te bied t.w.

- (a) 'n akademiese kursus wat voorberei vir verdere studie aan 'n hoër onderwysinrigting;
- (b) 'n algemene kursus vir diegene wat die skool na die voltooiing van hul hoërskoolopleiding verlaat om te gaan werk, en
- (c) 'n handels- en beroepskursus.²⁾

Volgens dieselfde verslag³⁾ sou daar van die I.K. en die skolastiese prestasie gebruik gemaak word om die geskikste skolastiese bekwaamheidsgroep waarin 'n leerling geplaas moet word, te bepaal. Dit is dan juis ook wat sedertdien konsekwent gedoen is soos blyk uit die ondersoek gedoen en ook volgens die ondersoek van Van Rensburg.⁴⁾ Volgens die jongste reëlings van die T.O.D. egter sal ook ander kriteria "met die grootste sin van verantwoordelikheid teenoor die leerlinge," aangewend word.⁵⁾ (In die verband sien hoofstuk V)^{5a)}.

2. ibid p. 69 - 81.

3. Ibid. p. 73 -75.

4. V. Rensburg J.T.J. Die voorspelling van leerlinge se gehalte van prestasies in 'n akademies komprehensiewe hoërskool (1958). (M.Ed. Verh.)

5. T.O.D. Omsendbrief 102/1965.

5a. Hfst. V p. 80, asook Tabel XLIII. p.105

Van die bg. kursus onder (c) genoem, het weinig tereg gekom ten spyte van die aanbevelings van die van Wykverslag. Van hierdie kursusse kan slegs die Universiteitstoelatingskursusse aan sy doel beantwoord aangesien 'n groot deel van die leerlinge wat die st. VIII en st. X-kursusse volg, behoefte het aan 'n algemeenvormende kursus met 'n beroepsgerigte komponent en die Wet op Beroepsonderwys 1955⁶⁾ verbied die provinsies om sodanige kursusse aan te bied. Tot op die huidige word deur bestaande wetgewing meer as 90% van die volk se kinders in 'n akademiese rigting gedwing en daar is eintlik maar 20% van die kinders wat daar kan tuis voel.⁷⁾ In hoofstuk 5 word weer na hierdie aspek verwys.^{7a)}

2. DOEL:

Die oogmerk met die baanstelsel is o.a. om beter toegeruste leerlinge by die universiteite te laat aanland sonder om die ander leerlinge wat nie vir die universiteitstoelatingskursus kwalifiseer nie te oorlaai. Deur homogene groepering vir die verskillende bane en met 'n leerplan wat rekening hou met die intellektuele vermoëns, aanleg en belangstelling van individuele leerlinge word verseker dat die vordering van sommige leerlinge nie vertraag word a.g.v. die feit dat die leerplan bv. bo hulle vuurmaakplek is nie. Die omgekeerde nl.

6. Wet op beroepsonderwys (Wet No. 70 van 1955)

7. Du Plessis, P.J.J.: Die problematiek van die tē vroeg skoolverlatende blanke jeug in die R.S.A. p. 142.

7a. Hfst. V, p. 80, en hierdie Hfst. p.24 - 25.

dat sommige leerlinge verveeld raak a.g.v. `n t`e stadige pas, kan dan nie ook plaasvind nie, want almal in die spesifieke baan is min of meer van gelyke werksvermoë, aanleg, belangstelling en bekwaamheid.

Die baanstelsel is verder `n poging om te probeer verhoed dat `n vermorsing van mense-materiaal voortgaan deurdat leerlinge uit moedeloosheid die skool verlaat voor voltooiing van `n kursus juis omdat die kursus nie aanpas by hulle vermoëns nie. Daarbenewens word deur die baanstelsel getrag om leerlinge in die geleentheid te stel om die maksimum geleerdheid waartoe hulle in staat is, te bereik deur juis `n studieprogram te volg wat hulle sukses volgens vermoë en aanleg kan verseker.

Bo en behalwe die hierbo genoemde oogmerk word deur die baanstelsel getrag om te verseker dat elké leerling `n goeie algemene onderwys ontvang wat hom in staat sal stel om `n nuttige en gelukkige burger van die staat te wees, wat dan sal voldoen aan Plato se vereiste vir `n gelukkige samelewing waarin elke burger die werk sal doen waarvoor hy die geskikste is, op `n eerlike en toegewyde wyse. 8). Miskien sal daar ook nou in die lig van die jongste onderwys-wet⁹⁾ waarvolgens alle skole (tegnies, handel en huishoudkunde) onder die provinsiale departement geplaas word, geredeliker implementering van hierdie beginsel dat elke individu die werk doen waarvoor

8. Boyd W.: Plato's republic for today, p. 181.

9. Wetsontwerp of Onderwysdienste (No. 42, 1967) Par. 9.

hy die geskikste is, kan plaasvind.

Dat die Transvaalse Onderwysdepartement reeds geslaag het in sy doel om meer leerlinge 'n hoërskoolkursus te laat voltooi, word bewys deur statistieke aangehaal deur die Direkteur van Onderwys, wat aantoon dat in 1940 slegs 18% van die st. 6 - leerlinge sover as st. X gevorder het, teenoor 39% in 1966. ¹⁰⁾ Hierdie sukses is te danke aan die implementering van die baanstelsel, want in Tvl., ja in S.A., net soos in oerseelande, bv. Brittanje ¹¹⁾ is die komprehensiewe skool waarin vir die drieërlei aanlegsrigtings voorsiening gemaak word, die praktiese en aanvaarbare middel tot onderwys vir almal soos beklemtoon in die verslag van die oorsese sending (Van Wyk 1955). Dit bring mee dat beroepsonderwys by die algemene onderwys sal moet ingeskakel word en dit is teweens wat o.a. beoog word met die Nasionale Onderwyswet van 1967. Differensiasie sal nou tot sy reg kan kom; as daar 'n verpligting op die ouer rus om sy kind minstens drie jaar lank na die hoërskool te stuur, dan moet die provinsie die verantwoordelikheid dra om die "regte onderwys", wat by die bekwaamheid en aanleg pas, te voorsien. Tot dusver was die gang van differensiasie grootliks belemmer weens gebrek aan akkomodasie by tegniese hoërskole en die verdeelde onderwysbeheer. ¹²⁾

10. Koen A.J. Antwoord op "Baanstelsel akademies nutteloos?" Die Transvaler, 6, kol. 7 en 8, 15 Feb. 1966.

11. Pedley Robin.: Comprehensive Education: a new approach p. 106, 195.

12. Shiels, F.H.: op. cit., p. 113.

3. BANE:

Die aanbeveling van die Van Wykverslag lees "dat, met die oog op doeltreffende differensiasie die opvoedbare skoolbevolking van hoërskoolouderdom op grond van verstandspeil, prestasie en aanleg in vier bekwaamheidsgroepe ingedeel word"¹³).

Die bekwaamheidsgroepe word as volg ingedeel:¹⁴).

Groep A - leerlinge met 'n I.K. van 110 en hoër; d.w.s.

leerlinge met 'n bo-normale intelligensie en bekwaamheid wat die matrikulasie-eksamen behoort af te lê en 'n universiteitsgraad kan behaal.

Groep B - leerlinge met 'n I.K. van 100 - 110; hierdie

leerlinge besit 'n intelligensiepeil en bekwaamheid wat hulle in staat stel om die senior-kursus van die hoërskool te deurloop sonder dat vrystelling van die matrikulasie eksamen beoog word.

Groep C - leerlinge met 'n I.K. 80 - 100; 'n groot per-

sentasie van hierdie groep behoort met inspanning daarin te slaag om die junior kursus van die hoërskool te voltooi mits daar leergange opgestel word wat met hulle verstandspeil, aanleg en belangstelling rekening hou.

Groep D - vir leerlinge met I.K.'s onder 80. Vir hier-

die groep verstandsaafwykende leerlinge moet

13. V. Wyk A.H. du P. op. cit., p. 75.

14. Ibid.

daar spesiaal voor bereiding gemaak word in spesiale skole.

Genoemde verslag dui ook die prosedure van groeplineering aan; dit moet nl. aan die begin van die hoërskoolloopbaan - en nie later nie as aan die einde van die tweede kwartaal - geskied, en wel op grond van; verstandspeil, skoollastiese prestasie en aanbeveling van die hoof van die laerskool. Gedurende die jaar, lui die aanbevelings, moet leerlinge persoonlike en opvoedkundige voorligting ontvang met die oog op aanpassing en leiding in hulle leer- en lewensbedrywighe. ¹⁵⁾.

Hierdie voorligting en oriëntering in die leer- en lewensbedrywighe maak die st. 6 = jaar waarin die oorgang van die primêre na die middelbare skool plaasvind, uiters belangrik. Op die drumpel van adolessensie moet die leerling nie net fisiese aanpassing by nuwe geboue, skole, onderwysers, maats, leerplanne en leermetodes, maak nie maar hy moet sosiologiese en psigologiese aanpassings maak. Hierdie tydperk in die lewe van die kind het die aandag van opvoedkundiges en andere, nie net in S.A. nie maar in groot dele van die Westerse wêreld, daarop gevestig. Omdat daar rede bestaan om te glo dat die belangrikheid van hierdie oriënteringsjaar in Transvaal nie ten volle waardeur word nie, word daar in hierdie studiestuk 'n poging gemaak om die

15. Van Wykverslag: op. cit. p. 75. (My onderstreping.)

belangrikheid van hierdie skooljaar onder die oë te sien in verband met die baanindeling of kursuskeuse.

4. KRITERIA VIR BAANINDELING:

Vir doeltreffende voorligting en oriëntering is dit ook noodsaaklik, volgens genoemde van Wyk-verslag,¹⁶⁾ dat:

- i) skolastiese prestasies van leerlinge in ooreenstemming met hulle intellektuele vermoëns gebring word;
- ii) diagnostiese toetse toegepas word;
- iii) heelkundige werk voorgeskryf en uitgevoer word;
- iv) leerlinge wat 'n verkeerde gesindheid teenoor hulle skoolwerk openbaar of wat onverskillig teenoor die skool, onderwyser of samelewing staan, spesiale aandag moet geniet met die oog op heraanpassing;
- v) gesonde studie- en werkgewoontes aangekweek word.

Die hersiene beleid van die T.O.D. soos van toepassing vanaf die begin van 1966 lui:

"daar word vier stadia vir die indeling van standaard sesleerlinge in kursusse voorgeskryf, nl.

1. aan die begin van st. 6 wanner die leerlinge so gou as moontlik in voorlopige homogene groepe, volgens die beskikbare inligting, ingedeel moet word,
2. maar eers teen die einde van die tweede kwartaal in drie kursusse met
3. 'n verdere waarnemingstydperk tot aan die einde van die jaar vir leerlinge wat aanpassings- of ander probleme ervaar, met die oog op hulle moontlike, herindeling in 'n ander kursus as dié waarin hulle aan die einde van die tweede kwartaal geplaas is,
4. gedurende die hele middelbare onderwysloopbaan van die leerling moet daar, indien dit nodig

16. Ibid. p. 75.

blyk te wees, 'n geleentheid bestaan vir kursusverandering deur 'n leerling, maar nie na die sluitingsdatum vir die inskrywing vir die eind-eksamen van die Middelbare skool of die Universiteitstoelatingseksamen nie"17).

Hierdie omsendbrief noem die volgende kriteria vir die kursuskeuse van leerlinge:-

- i. skoolprestasie,
- ii. verstandelike vermoë,
- iii. vereistes vir die vakke en kursusse wat die leerling op skool en na matrikulasie wil volg, en
- iv. ouer- en leerlingkeuse.18).

By nadere beskouing blyk dit dat die kriteria genoem in Omsendbrief no. 102 van 1965 nie veel verskil van diè van die Van Wykverslag nie.19). Die kriterium nie genoem in e.g. nl. "aanbeveling van die hoof van die laerskool", waarvandaan die leerling kom, word vervang met punte (iii) en (iv) in die vorige paragraaf genoem. In die kriteria vir homogene groeipindelings²⁰⁾ vir st. 6 word die kriterium van die laerskoolhoof se aanbeveling wel gestel, tesame met die prestasietoetse afgelê na toelating tot die hoërskool. Hierdie prestasietoetse word egter net in berekening gebring indien dit gegee word, dog hulle is nie verpligtend nie en ook nie gestandaardiseer nie. Verder word beklemtoon dat kursuskeuse sowel as kursusverandering hoofsaaklik gegrond sal wees op

17. T.O.D. Omsendbrief No. 102 van 1965. p.1.

18. Ibid. p. 2.

19. Van Wyk A.H. du P. op. cit. p. 85 - 88

20. T.O.D. Omsendbrief No. 102 van 1965 p. 1 - 2.

prestasiepeil.

Die samewerking van die ouers van die st. 6 = leerlinge word beklemtoon, die ouers moet selfs in 'n mate gekondisio- neer word ten opsigte van die begrip van kursuskeuse of baan- indeling.²¹⁾ Die ouerskeuse is en bly die beslissende fak- tor, want wat die hoof of voorligter ook al aanbeveel, die finale keuse berus by die ouer. Genoemde omsendbrief wy 'n paragraaf aan hierdie aspek en beklemtoon dat die ouers ge- rusgestel moet word dat op alle stadiums van hulle kinders se skoolloopbane hulle geken sal word in die kursuskeuse of verandering van kursus en/of vakke van hulle kinders. Die ouers sal gevra word om hulle finale seggingskap in same- werking met die skool te beoefen ten einde vir die kind slegs die beste te kies. Die ouer moet egter beseef dat indien hulle keuse nie die regte is volgens resultate deur die kind behaal nie dan moet die kind die ander kursus, soos deur die skool aanbeveel, volg.²²⁾

Hierdie probleem van doeltreffende baanindeling word ver- erger deur die seggenskap van die ouer oor sy kind, want die ouer het nog altyd die finale sê.²³⁾ Saam met die oriën- tasie van die kind moet ook die ouer georiënteer word, ten einde saam te werk met die skool tot beswil van die kind. In die verband beveel die omsendbrief dan ook volledige stappe aan ter verkryging van hierdie toestand.²⁴⁾

21. Ibid. p. 3 Par. 4.

22. Shiels, F.H. A critical analysis of methods of selecting and streaming secondary school pupils ... p. 281.

23. T.O.D. Omsendbrief 102 van 1965 p. 2, par. 2(c).

24. Ibid. p.3., par. 4 en bylae A.

Tewens die ouers van voornemende st. 6 = leerlinge moet reeds in die st. 5 - jaar georiënteer en gekondisioneer word.²⁵⁾ Die ouer moet beseef wat die idee van en oogmerk met die baanstelsel is en dat alleenlik die kind se belang ter sprake is. Dog die visie moet nie net gerig wees op verowering van die hoogste of geleerdste poste nie maar op diens, selfs in die nederigste poste mits hulle deur maksimale skoling binne die vermoë van elke leerling gevorm is in 'n eeu van spesialisasie.

'n Verdere probleem mag wees of die kind, met die goedkeuring van die ouer nie die weg van die minste weerstand volg nie en bv. die B-kursus volg hoewel sy potensiaal die A-kursus is. Dieselfde geld natuurlik ook t.o.v. die B- en die C-kursus.^{25a)} Moet die ouer sowel as die kind dan nie gekondisioneer word om die kind aan te spoor om die maksimale prestasie te bereik nie?

Deurgaans word klem gelê op die feit dat kursuskeuse vir elke leerling 'n besluit oor sy toekoms is. Waar sy toekomstige onderwysprestasie 'n prestasie in vakke en kursusse gaan wees, moet die leerling se vakaanleg, soos blyk uit sy skoolprestasie, wel deeglik in ag geneem word. Ook word beklemtoon by die st. 6 homogene groepering, sowel as by die kriteria vir vak- en kursuskeuse, die verstandelike vermoë, of te wel I.K. van die leerling. Die vraag doen hom egter voor of die I.K. wel soveel voorspellende waarde het.^{25b)}

25. Ibid. p. 3., par. 4 en bylae A.

25a. Sien Tabel IV en Tabel VI.p. 95, p. 98.

25b. Sien Hfst. 3. p. 37 - 40.

In die kriteria vir baanindeling hierbo genoem, is juis die ideaal van die Transvaalse Onderwysdepartement gestel soos veral blyk uit die Van Wykverslag sowel as uit Omsendbrief no. 102 van 1965. Dit is soos die T.O.D. dit voorskryf en ook hoe hy hoop en vertrou dat oriëntasie van die st. 6 = leerling plaasvind vir en veral met die oog op baanindeling. Gaan ons egter die praktyk wat in skole toegepas word na, doem daar 'n reeks vrae op. Hierdie vrae kan soos hieronder geformuleer word en dan sal daar getrag word om na aanleiding van empiriese ondersoek antwoorde daarop te gee. Die vrae is of daar die moontlikheid bestaan dat:

- a. I.K. die blangrikste kriterium is in die beslissing oor baan of kursuskeuse;
- b. Skolastiese prestasie in die laerskool, sowel as in die eerste en tweede kwartale in die hoërskool naas die I.K. in belangrikheid staan;
- c. vereistes vir die vakke en kursusse wat die leerling op skool en na matrikulasie wil volg uitsluitlik onderworpe is aan (a) en (b) hierbo genoem en word 'n geringe mate oer- en leerlingkeuse oorweeg, of word laasgenoemde meesal oorreed tot instemming met die aanbevole kursuskeuse soos aangedui deur die uitkoms van (a) en (b) hierbo; ^{25c)}.
- d. van diagnostiese toetse, van remediële werk, van onderpresteerders en hulle probleme, van wanaangepastes en laatontwakers, enige konkrete verslag gevind kan word. Word van psigologiese en sosiologiese oriënteringspogings tot rehabilitasie en aanpassing enige gebruik gemaak;
- e. daar van kumulatiewe verslagkaarte wat behoorlik en volledig aangelê en voltooi is, gebruik gemaak word soos verwag;

25c. Sien ook Tabel IV. p. 95, IVa p. 96.

- f. van die s.g. waarnemingstydperk tot aan die einde van die jaar vir leerlinge wat aanpassings- en sielkundige probleme het en wat gevolglik "spesiale aandag moet geniet," enigiets tereg kom?

Indien die faktore onder d, e, en f, genoem, miskien afwesig is, is dit nie hoofsaaklik te wyte aan (i) gebrek aan tyd by leerkragte, (ii) te groot klasse, (iii) onervare onderwysers en (iv) gebrek aan die nodige kennis en/of opleiding, en (v) 'n oorlaaide, na-skoolse program vir beide onderwyser en leerling nie? Hierdie dinge lei tot die afwesigheid van onderlinge vertrouwe tussen onderwyser en leerling en oer as gevolg van 'n totale onbekendheid met huislike, sosiale en psigologiese omstandighede van baie van die leerlinge.

Samevattend kan gestel word: Leerlinge moet vir die baanstelsel in st. 6 geselekteer word aangesien dit die stadium is waarop hulle toetree tot hoërskoolonderwys en ook op grond van die fisiese en psigiese ontwikkelingstadium. Hierdie bane stel verskillende eise aan die kinders, en vir latere sukses in skoolloopbaan en beroep is dit noodsaaklik dat die kind in die regte baan beland volgens vermoë, belangstelling, aanleg ambisie en deursettingsvermoë. Word daar egter versigtig genoeg te werk gegaan onder die besef van die noodsaaklikheid van die ontdekkingsjaar waarin metodes van seleksie vir baanindeling met groot omsigtigheid toegepas moet word? Die noodsaaklikheid van voorligting ten einde die noodsaaklike vereiste van voorsiening vir spesialisasie in vakke of rigtings volgens belangstellings en talente van die leerling, bly 'n voorwaarde vir suksesvolle oriëntering.

Dit is ook so bevind deur 'n kommissie van ondersoek na 'n studie van die onderwysstelsel van Nu-Suid Wallis en Ontario.²⁶⁾ Die waarskuwing van Robin Pedley²⁷⁾ dat daarteen gewaak moet word om die kind nie tentatief met 'n etiket te voorsien nie is tydig, want 'n leerling wat geklassifiseer en behandel is as 'n A, B of C kan maklik ontaard in 'n A, B of C-klas skolier, l.g. twee tipes met min belanstelling of ambisie, tensy daar 'n verandering van omgewing en onderwysersgesindheid plassvind wat die B of C = tipe leerling aanmoedig om die aanvanklike klassifikasie nie as finaal en beslissend te aanvaar en dan in gebreke bly om 'n hoër kursus uit te presteer nie.²⁸⁾ Moet daar nie besliss 'n vernuwing van gedagte en insig plaasvind met betrekking tot die sillogisme van "waterdige kompartemente of bane" nie?

26. Onderwysbulletin Vol. III no. 3 Sept. 1963, p. 126 - 133.

27. Pedley, Robin.: Comprehensive education: a new approach, p. 35 -36.

28. T.O.D. Omsendbrief No. 102 van 1965, p. 3., par. 3(d).